**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BYBELKUNDE SG**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord VYF vrae.
- Afdeling A is VERPLIGTEND. Al die onderafdelings van hierdie vraag moet beantwoord word.
- Verder moet TWEE vrae uit Afdeling B en TWEE vrae uit Afdeling C beantwoord word. Nommer asseblief jou keuses duidelik.
- Die lengte van jou antwoord moet in ooreenstemming wees met die punte wat aan die vraag toegeken word.

## AFDELING A
## (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1
### KORTVRAE

Vrae 1.1 tot 1.6 is die kortvrae. Skryf die vraagnommer (insluitend onderafdelings) in jou **antwoordboek** neer en slegs die antwoord daarnaas.

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

1.1.1 Markus en Lukas het Jesus nooit ontmoet nie.

1.1.2 Matteus toon aan dat die geboorte van Jesus die profesieë van die Ou Testament vervul het.

1.1.3 Die Evangelie volgens Johannes vertel meer van die Joodse gebruike en feesdae.

1.1.4 Die Filemon-brief was aan 'n gemeente gerig.

1.1.5 Martin Luther het die Jakobus-brief 'n epistel van strooi genoem. 5x2=(10)

1.2 Verduidelik kortliks wie die volgende mense was:

1.2.1 Gaius

1.2.2 Teofilus

1.2.3 Silas

1.2.4 Petrus

1.2.5 Maria 5x2=(10)

1.3 Gee die betekenis van die volgende woorde in een sin.

1.3.1 God
1.3.2 Gehenna
1.3.3 Christus
1.3.4 Ekklesia
1.3.5 Openbaring 5x2=(10)

1.4 Kies die korrekte **stelling** uit **Kolom B** wat pas by die **naam** in **Kolom A**. Skryf slegs die korrekte letter uit Kolom B langs die ooreenstemmende vraagnommer neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.4.1 Markus | A. Alle mense word geregverdig deur geloof in die Evangelie van Christus. |
| 1.4.2 II Petrus | B. Die "geliefde van God" beteken eintlik dat Lukas aan alle Christene skryf. |
| 1.4.3 Teofilus | C. Paulus vertel hulle van sy eie evangelie-bediening. |
| 1.4.4 Romeine | D. Hy gebruik dikwels Aramese woorde. |
| 1.4.5 II Korinthiërs | E. Die Wederkoms van Jesus Christus. |

5x2=(10)

1.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf die vraagnommers onder mekaar neer en daarnaas die korrekte letter van jou keuse.

1.5.1 Die broers van Jesus was ______.

A. Jakobus en Lukas
B. Johannes en Markus
C. Petrus en Silas
D. Jakobus en Judas

1.5.2 Watter van die volgende stellings pas **nie** ten opsigte van die Heilige Gees?

A. Hy sal alle mense oordeel.
B. Hy sal ons vertroos.
C. Hy sal ons leer.
D. Hy sal altyd daar wees vir ons.

1.5.3 Toon aan watter een van die volgende “Ek is”-uitsprake korrek is.

A. Ek is die Boek van die Lewe.
B. Ek is die Kerk van God.
C. Ek is die regte Wyn.
D. Ek is die Lig van die Wêreld.

1.5.4 Die eerste gebod van die Tien Gebooie lui soos volg:

A. Eer jou vader en jou moeder.
B. Jy mag nie steel nie.
C. Jy mag nie moord pleeg nie.
D. Aanbid geen ander God naas My nie.

1.5.5 Kies die positiewe betekenis van die gebod: “Jy mag nie steel nie.”

A. Materialisme
B. Armoede
C. Vandalisme
D. Om aan die armes te gee 5x2=(10)

1.6 Beantwoord die volgende vrae:

1.6.1 Noem die gebod wat jy oortree as jy sportsterre en popsterre vereer. (2)

1.6.2 Skryf die doksologie van die Onse Vader-gebed neer. (2)

1.6.3 Gee EEN voorbeeld van metanoia soos wat dit in die Onse Vader-gebed beskryf word. (2)

1.6.4 Die Onse Vader-gebed word as deel van die ______ in die Evangelie volgens Matteus aangegee. (2)

1.6.5 Wanneer noem Jesus vir God Abba? (2)

5x2=(10)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [60]**

## AFDELING B
## INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT

Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling. Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

### VRAAG 2

2.1 Skryf volledige aantekeninge oor die volgende stellings uit die Evangelie volgens van Lukas:

2.1.1 Lukas maak spesiale vermelding van vroue. (14)

2.1.2 Lukas kan ook die Evangelie van die Heilige Gees genoem word. (14)

2.1.3 Lukas wys ons dat God se Universele Liefde die uitgeworpene sowel as die sondaar insluit. (12)

2.2 Skryf aantekeninge oor die volgende stellings in die Evangelie volgens Matteus:

2.2.1 Matteus toon aan dat die Christendom die ware vervulling van die Ou Testament is. (12)

2.2.2 Matteus is ? Koninklike Evangelie. (8)
**[60]**

### VRAAG 3

3.1 Gee die betekenis van die woord **soewereiniteit**. (4)

3.2 Skryf kort aantekeninge oor Christus as Soewerein soos dit in Openbaring 1 – 3 geskrywe word. (20)

3.3 Noem DRIE pastorale briewe wat Paulus geskryf het. 3x2=(6)

3.4 Noem en bespreek die redes vir Paulus se brief aan die Filippense. (14)

3.5 Bespreek die algemene vorm van die Pauliniese briewe. (16)
**[60]**

### VRAAG 4

4.1 Skryf volledige aantekeninge oor die Evangelie volgens Markus onder die volgende hoofde:

4.1.1 Markus gee ons ? baie menslike portret van Jesus. (10)

4.1.2 Markus gee aanskoulike besonderhede asof hyself ? ooggetuie was. (10)

4.2 Bespreek die inhoud van die Pauliniese brief, 1 Korintiërs, onder die volgende opskrifte:

4.2.1 Hy beantwoord hul vrae oor die huwelik, die selibaat (ongetroude staat) en afgodsdiens. (10)

4.2.2 Hy praat oor openbare erediens en die belangrikheid van die liefde. (6)

4.3 Bespreek die inhoud van die Pauliniese brief, Romeine, onder die volgende opskrif:

4.3.1 Alle mense word geregverdig deur die geloof in die Evangelie van Christus. (4)

4.4 Skryf aantekeninge oor die **Uniekheid van Christus se Soewereiniteit** soos dit in Openbaring 1 – 3 beskrywe word. (20)
**[60]**

## VRAAG 5

5.1 Noem die VYF mense met die naam Jakobus in die Nuwe Testament wat dalk die skrywer van die brief van Jakobus kon wees. (10)

5.2 Gee die onderskeie bestemmings van elk van die volgende Algemene Briewe:

5.2.1 Jakobus
5.2.2 I Petrus
5.2.3 I Johannes
5.2.4 II Johannes
5.2.5 II Petrus 5x2=(10)

5.3 5.3.1 Waarom het dit lank geneem voordat die brief van Judas as kanoniek in die Bybel aanvaar was? (2)

5.3.2 Noem TWEE apokriewe boeke wat in die brief van Judas genoem word. 2x2=(4)

5.3.3 In die Nuwe Testament word VYF mense genoem wat die naam Judas gedra het. Wie was hulle? 5x2=(10)

5.3.4 Gee die betekenis van die woord **apokrief**. (4)

5.4 Bespreek die volgende stelling volledig: "Johannes neem standpunt in teen die Gnostisisme". (20)
**[60]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [120]**


**b.o.**

AFDELING C
## DIE BYBELSE GRONDSLAG VIR DIE CHRISTELIKE GELOOF EN LEWE

Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling. Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

### VRAAG 6

6.1 Die volgende prentjie illustreer 'n waarskuwing wat op 'n sigaretdosie verskyn wat baie rokers ignoreer. Gebruik die illustrasie om die verskil tussen "ek glo in..." en "ek glo dat..." te verduidelik. (10)




6.2 Noem TWEE dinge wat die Christen-gelowige in die Skrif kan ontdek. 2x2=(4)


6.3 Hoe openbaar God Homself op 'n besondere manier? (6)

6.4 II Tim. 3:16 lui: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek..." Gebruik hierdie aanhaling om die volgende vraag te beantwoord: Waarom is die Bybel geskryf? (20)

6.5 Beskryf hoe Jesus onder Pontius Pilatus gely het. (20)
**[60]**

## VRAAG 7

7.1 Bestudeer die prentjie van die vrou wat dobbel en verduidelik hoe die eerste gebod die Christen vandag nog uitdaag. (20)



7.2 Baie Christene dra 'n kruisie om hulle nekke. Mag 'n Christen dit dra? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)

7.3 Bespreek Jesus se houding teenoor die Sabbat. (20)

7.4 Watter gebod oortree jy as jy

7.4.1 jou onderwyser vloek?

7.4.2 huiswerk afskryf by ? vriend?

7.4.3 jou ooreet? 3x2=(6)

7.5 Die man in die tronk het die negende gebod oortree. Hoe word die negende gebod in die Nuwe Testament geïnterpreteer? (10)



**[60]**

## VRAAG 8

8.1 Verduidelik die volgende bedes van die Onse Vader-gebed:

8.1.1 "Gee ons vandag ons daaglikse brood." (20)

8.1.2 "Vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree." (10)

8.1.3 "En laat ons nie in die versoeking kom nie, maar verlos ons van die bose". (20)

8.2 Skryf kort aantekeninge oor die betekenis van gebed vir ? persoon met VIGS. (10)
**[60]**

## VRAAG 9

9.1 Wat beteken Jesus Christus se opstanding vir die Christen van vandag? (10)

9.2 Noem en bespreek die goddelike eienskappe van die Heilige Gees. (20)

9.3 Wanneer sal die wederkoms plaasvind? (4)

9.4 Verduidelik die volgende stelling: Jesus sit aan die regterhand van God die Vader. (6)

9.5 Skryf kortliks oor hoe Jesus gesterf en begrawe is. (20)
**[60]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [120]**

**TOTAAL: 300**

**EINDE**